SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
Tel: (012) 808-9300 Faks / Fax: (012) 808 9344
E-pos / Email: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za

Suid-Afrika se Grootste Bewaringsorganisasie - gefokus op Bewaring deur Volhoubare Benutting
South Africa's Largest Conservation Organisation - focussed on Conservation Through Sustainable Use

SA JAGTERS/ WILDLIFE COLLEGE
KURSUS IN DIE JAG VAN GEVAARLIKE WILD 2019

Die ontwikkeling van 'n kursus in die jag van gevaarlike wild is 'n gesamentlike inisiatief van die SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging en die Wildlife College. Die kursus bied aan toegewyde jagters die unieke geleentheid om teoretiese kennis oor die jag van gevaarlike wild en praktiese vaardighede in 'n groot 5-gebied op te doen.

Dr. Kevin Robertson, ook bekend as Doctari, skrywer van verskeie gesaghebbende publikasies oor skootplasing waaronder The Perfect Shot, is die hoof van die departement. Die kursus bied aan lede met toegewyde jagterstatus die geleentheid om opleiding te ontvang onder die bekwame toesig van spesialiste ter voorbereiding van die jag van gevaarlike wildspesies, nl.: olifant, buffel, leeu, luiperd, krokodil en seekoei.

Die kursus vind plaas by die Southern African Wildlife College se opleidingsentrum in die groter Kruger Nasionale Wildtuin. Die Kollege is geleë langs die R531 naby Orpen-hek. (GPS koördinate S 24°32,536; E 31°20,019)

Slegs ses deelnemers per kursus word toegelaat om persoonlike aandag te verseker. 'n Gerieflike tentkamp sal op die Kollege se skietbaan opgerig word. Die ses kursusgangers sal in drie tente bly wat elk toegerus is met twee kampbeddens en matrasse. 'n Kampkombuis, kampstoele, kookgerei, eetgerei, messegoed en 'n braairooster word verskaf. 'n Veilige stoorfasiliteit vir kruideniersware is beskikbaar om dit teen bobbejane te beskerm. Ander geriewe sluit in 'n watertenk, toilet, stort en sonkraglanterns.

LET WEL: Vuurmaakhout, ys, yskas, voedsel en drinkgoed word NIE verskaf nie.

Bogenoemde items is beskikbaar by die winkel in Orpen-kamp in die Wildtuin wat sowat 30 minute se ry vanaf die Kollege is. Kursusgangers is welkom om in hulle eie woonwaens of mobiele akkommodasie te bly.

Die kursus is soos volg opgedeel: die jag van olifante op die eerste middag (Maandag); jag van buffels op die Dinsdagoggend; en die res van die spesies volg op Woensdagoggend. Skietoefeninge vind op Donderdag en Vrydagoggende plaas.

Kursusgangers word aangeraai om hulle eie grootkaliber gewere te bring (9,3 x 62 mm minimum kaliber) en minstens 60 patrone. Diegene wat nie hierdie gewere het nie, kan een van die departement se gewere gebruik. Dit is 9,3 x 62 mm, .375 H&H, .458 WM en .458 Lott. Geskikte ammunisie kan teen die vervangingsprys aangekoop word (9.3 en .375 @ R35/ patroon.458 WM @ R50/ patroon en .458 Lott @ R80/per patroon).

'n Gedeelte van die kursusgeld is ten bate van die SAJWV/Wildlife College kursusfonds. Bespreek by SA Jagters se opleiding-afdeling (Liesel).

Daar word baie persoonlike aandag aan elke kursusganger se vaardigheid gegee. Die grootte van die groep verseker dat elke lid soveel as moontlik blootstelling tydens die praktiese sessies ontvang. Die opleidingsprogram word aangepas by die omstandighede en beskikbaarheid van die spesies wat in die gebied voorkom en waarvoor die Wildlife College verantwoordelik is.

Die studente ondergaan teoretiese opleiding oor spesifieke spesies wat afgewissel word met praktiese sessies in die park. Groot klem word geplaas op vuurwapenvaardigheid en die vermoë om die geskikte kalibers vir gevaarlike wild effektief en veilig te kan gebruik. Vir dié doel word die Kollege se private skietbaan gebruik.

Kursusgangers moet om 12:00 op die eerste dag van die kursus by die Kollege wees.
Teoretiese sessies vind in die lesingsaal plaas en word afgewissel met sessies in die veld. Skietvaardighede fokus op die korrekte skootplasing onder verskillende omstandighede.

Lewensgrootte anatomies-korrekte teikens van die spesies word vir die praktiese skiettoets in die veld gebruik. Die hoogtepunt van die kursus is die gesimuleerde jagsessies wanneer kursusgangers lewendige diere in die veld bekruip tot binne jagbare afstand. Die enigste verskil is dat 'n laser die jaggeweer vervang waarmee die "jagter" sy skootplasing aandui. Hierdie kursus is 'n unieke ervaring van onskatbare waarde vir die potensiële grootvyf-jagter.

Dit bied aan enige een met beperkte finansies die kans om 'n grootwildjag te ervaar sonder die koste en sonder om 'n dier te dood.

Vir meer inligting en besprekings, skakel **Liesel** by **012 808 9325** of stuur 'n e-pos aan liesel@sahunt.co.za

NB: BELANGSTELLENDES MOET OOR TOEGEWYDE JAGTERSTATUS VAN SAJWV BESKIK

Die volgende beskikbare kursus datums vir 2019

OPSIE 1 VOL KURSUS: (**R4000**)
(OLIFANT, BUFFEL, LEEU, LUIPERD, HIËNA)

Begin 12h00 op 'n Maandag , eindig op 'n Donderdag 10h00 of
Begin 14h00 op 'n Donderdag, eindig op Sondag 12uur.

NR:	AANKOMS	DAG
1	3 Junie	Maandag 12h00
2	6 Junie	Donderdag 14h00
3	10 Junie	Maandag 12h00
4	13 Junie	Donderdag 14h00
5	17 Junie	Maandag 12h00
6	20 Junie	Donderdag 14h00
7	24 Junie	Maandag 12h00

VERTREK	DAG	BESKIKBAAR:
6 Junie	Donderdag 10h00	**X 5**
9 Junie	Sondag 12h00	**X 6**
13 Junie	Donderdag 10h00	**X 6**
16 Junie	Sondag 12h00	**X 6**
20 Junie	Donderdag 10h00	**X 6**
23 Junie	Sondag 12h00	**X 4**
27 Junie	Donderdag 10h00	**X 4**

Verskaf asseblief die volgende inligting om 'n plek te bespreek:

1. Naam en van
2. Lidnommer
3. Nommer van toegewyde status
4. Telefoonnommer
5. Voorkeurdatum vir bespreking

Betalings met bespreking word vereis.

SAJWV se bankbesonderhede:
(Lidnommer en "WILDLIFE" as verwysing. Stuur betalingsbewys na marika@sahunt.co.za)

SA Hunters: ABSA
Takkode: 632005
Rekeningnommer: 0144 399 00 77